

# Hoe om reg te maak vir aanlyn leer

Dink oor jou opsies vir internettoegang. Kan jy elke paar dae iewers (tuis, by 'n vriend se huis, in 'n kampusruimte met Wi-Fi of in 'n veilige openbare ruimte met Wi-Fi) toegang tot die internet kry? Indien nie, kontak onmiddellik jou dosent.



Gebruik jou tyd reg.

Is daar lees- of ander materiaal wat jy kan aflaai om aan te werk as jy van lyn af is? Is daar vasvrae, forumgesprekke of e-posse wat jy behoort te prioritiseer wanneer jy WEL internettoegang het?



Blok elke dag spesifieke tye vir leer uit.

Bly op koers deur elke dag te werk. Stel vir jouself persoonlike doelwitte en sperdatums.



Vra hulp as jy dit nodig het. Moenie huiwer om jou dosent, medestudente of die SUNLearn-span te kontak nie




Dalk het jy jou eie toestel. Skep lêers vir aflyn leermateriaal, rofwerkteks vir forumkommentaar en opdragte.



Stoor of druk module-raamwerke of kursusoorigte.

Stoor langer stukke teks voor jy dit aanlyn plaas – net ingeval jou internetverbinding onderbreek word terwyl jy op SUNLearn werk.

Hou 'n leerjoernaal met jou aantekeninge en vrae. Volgende keer wat jy aanlyn is, kan jy dit met jou dosent en klasgenote deel!



Laai die SUNLearn mobiele toepassing af.



Boekmerk die SUNLearn-span se webblad: [learnhelp.sun.ac.za](http://learnhelp.sun.ac.za)